Geliefde Lourensrivierder

Dis jou wrintiewaar die 1ste Augustus!!! Dit is ook vrouemaand en my gedagtes gaan maak ‘n draai by DJ Opperman se gedig Sproeireën... Die sin wat vir my uitstaan is: “weet ek hoe dat 'n vrou kan troos”, wat vir my eintlik maar die wese van ‘n vrou omskryf. Mag elke vrou besef hoe hul troos, geduld, omgee, innerlike krag en Jesus-liefde hul gesinne en die res van die wêreld ‘n beter plek kan maak♫♥

”My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!”

Hier is die lekker ou liedjie van Jan de Wet, My nooi is in ‘n nartjie:
https://www.youtube.com/watch?v=cgKMzpYWDns

NUUSKRUMMELS: 1 Augustus 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

KOMMUNIKASIE EN NUUS:
Daar is ‘n groooot verskeidenheid van maniere hoe jy op datum kan bly met alles wat in die gemeente en gemeenskap aangaan.

☺ Facebook Blad: https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/
☺ Webtuiste: www.lourensrivier.co.za
☺ Twitter: https://twitter.com/LourensRi4Gemeente
☺ Instagram: https://www.instagram.com/lourensrivier_gemeente/
☺ Gemeente Kalender (by kerkdeure en Kantoor beskikbaar)
☺ Sondag Afkondigings
☺ Donderdag Nuuskrummels (elektroniese nuusbrief per epos)
☺ SMS’e
☺ Epos: admin@lourensrivier.co.za of fin@lourensrivier.co.za of petrie@lourensrivier.co.za
☺ En dan natuurlik ook by die vriendelike dames by die Kerkkantoor @ 021 853 5991

WOEKERHOEKIE:

Tans te koop:

- Anna se heerlike Marmelade @ R35
- Canola & Olyfolie @ R85
- Gewone Canola Olie @ R75
- Lappiesboontjies @ R50/kg
- Heuning @ R60 per potjie (400ml)
- Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie (Milo, Gemmer & Peanut)
- Anna se Beskuit @ R40 per pak
- Brownies @ R5 asook banting Brownies @ R10

- Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
  Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemeng

GEMEENTE-ETE: 28 JULIE 2019:
Dit was voorwaar 'n baie groot sukses. 110 gemeentelede het dit bygewoon en dit was baie gesellig.
Van die foto's kan gesien word hoe pragtig die tafels gelyk het. Ook die poedingtafel was 'n fees vol verskeidenheid, te kies en te keur.

VOEDSELFEES, VREUGDEFEES
Hierdie jaar se fees vind plaas op 31 Augustus '19♫ Daar is lyste in die wyke vir bydraes, maar as iemand nie by julle uitkom nie, kan julle gerus julle bydraes by die kerkkantoor afgee. Ons woeker sommer nou al, so indien jy iewers wil help of betrokke raak, kontak asb. vir: Gerda de Villiers @ 021-8547191 / 0824664766 of Apolonia Maritz @ 021-8537560 / 0825077091

Volgende week meer besonderhede.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ACVV STRAND – SOP EN SJERRIE AAND

Kom geniet 'n gesellige aand saam met u gesin om die koue te verdryf. Marius Dippenaar tree as gaskunstenaar op en daar gaan heerlik gekuier word.
Kaartjies is by die ACVV Strand kantoor by De Villierstraat 15, Strand, beskikbaar.
DATUM: 23 Augustus 2019
TYD: 18h30 vir 19h00
PLEK: NG KERK STRAND-NOORD (DAAR SAL MOTORWAGTE WEES)
KOSTE: R70 PER PERSOON
HOOP OM U DAAR TE SIEN!!!
Navrae: Mev J Dippenaar (021) 854-7215/6

ACVV
www.acvv.org.za

ACVV lewer maatskaplike dienste aan kwesbare kinders, gesinne, vroue en ouer persone/
ACVV renders social services to vulnerable children, families, women and older persons

·SAAM IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP · TOGETHER IN SERVICE OF THE COMMUNITY·
·SIKUNYE KWIINKONZO ZOLUNTU · RE MMOGO MO DITIRELONG TSA LOAGO·

NGK SOMERSET-WES MOEDERGEMEENTE:
200-JAAR FEESVIERINGE: FEESNAWEEK: 9 – 11 AUGUSTUS 2019
Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat die NG gemeente Somerset-Wes op Saterdag, 10 Augustus 2019, haar 200ste bestaansjaar vier. Ons gemeente is die 12de oudste NG gemeente in die Republiek van Suid-Afrika en ons beplan 'n feesnaweek vanaf 9 – 11 Augustus, met 'n propvol program vir lidmate en inwoners. Ons nooi ALMAL hartlik uit om saam te kom feesvier.

FEESKONSERT – KAAS & WYN:
Vrydag, 9 Augustus 2019
Almal kuier gesellig saam vanaf 17:45 by die NG Kerksaal in Andries Pretoriusstraat 77, Somerset-Wes met vrolike musiek in die agtergrond. Verversings sal in die vorm van 'n **DRIE-GANG KAAS EN WYN** wees, asook **allerlei versnaperinge**. 'n **MUSIEKPROGRAM** van uitstaande gehalte sal onder leiding van ons orrelis, Babette Viljoen, aangebied word. Daarna volg 'n **TONEELSTUK** onder leiding van ds John Smit van Suider-Strand. Dit beloof om die lagspiere behoorlik te prikkel. Hierdie lekker kuiergeleentheid skop die naweek se verrigtinge af.
Kaartjies @ R50 is beskikbaar by die kerkkantoor (021 852 1787) - slegs 150 kaartjies word aangebied.
VOORBEREIDINGSDIENS & KRANSLEGGING:

Saterdag, 10 Augustus 2019
'n **Voorbereidingsdiens** vind om 10:00 by die Historiese kerk in Kerkstraat 42, Somerset-Wes, plaas. Daarna volg 'n **kranslegging** by dieselfde kerk. 'n Staptog (vrywillig van minder as 1 km), sal dan vanaf die Historiese kerk na die Moederkerk plaasvind. Met aankoms sal 'n **Gedenkteken** onthul word, waarna daar sop en brood in die kerksaal bedien sal word.
FEESNAGMAAL & FEESTELIKE SAMESYN:

Sondag, 11 Augustus 2019
FEESNAGMAAL – die nagmaalsdiens in die kerk te Andries Pretoriusstaat 77 om 09:30, sal waargeneem word deur ds Nelis Janse van Rensburg. Na die kerkdiens is daar 'n **feestelike samesyn** in die kerksaal met **tee en verversings**. Almal (gemeentelede, gaste en besoekers) word uitgenooi na hierdie geleentheid.

Johan van Niekerk VDM

DARTPAC (PTY) LTD

Manufacturing Facility
15 - 21 Delson Circle
PO Box 2350
Somerset West B/Park
Somerset West

Distribution Centre
7 Spin Street
Sacks Circle
Bellville South
Cape Town

021 951 1141
info@dartpac.co.za
VAT: 4510151683
REG: 1994/010332/07

ADVERT

Dartpac is a manufacturing company situated in Somerset West Business Park. The company is looking for a suitable candidate to fill the position of Paper Cup Machine Operator.

Minimum requirements:

- At least Grade 12, with preferable technical subjects
- Must have technical/mechanical knowledge or background
- Must be a team player
- Attention to detail /thorough job execution with low to zero faults
- Must be able to work shifts
- Should stay in the Helderberg area

CV's can be e-mailed to hr@dartpac.co.za

Ronel Buys
HR and Payroll

WERKSVERSKAFFING

WERKSVERSKAFFING

KNIEWERK:

- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- Innige meegevoel met Salomé Botha met die heengaan van haar broer
- Joël Kriegler herstel van operasie op 31/7
- Koos van der Merwe in Hospice
- Sakkie de Jager herstel van knievervanging op 30/07

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONSAG, 4 AUGUSTUS SE BOODSKAP: HOSEA 11:1-11 (AGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Die eerste beeld wat Hosea gebruik is dié van 'n huwelik met 'n prostituut; hier gebruik hy die tweede beeld van 'n ouer wie sy kind oneindig liefhet, al loop die kind die hele tyd weg van die ouer en verwerp hy die ouer se liefde.

God gee sy liefde vir Israel, maar hulle verwerp sy liefde elke keer. God se liefde kom reeds van ver terug, vandat Hy hulle gekies het, van die tyd van sy verbond met sy volk deur Abraham. (Gen. 17:7)

God het sy liefde vir hulle reeds gewys met Israel se verlossing uit Egipte, met die tog deur die woestyn, met hul ingaan in Kanaän en ook op soveel geleenthede van hul alledaagse lewe in Israel. Tog het Israel elke keer God se liefde verwerp en agter afgode aangeloop en hulle gedien.

God praat van sy mooi liefdesverhouding met Israel en noem Israel sy seun, wanneer Hy vir Moses opdrag gee om vir Farao te sê dat Israel sy eersgebore seun is. (Eks. 4:22) Dit verskil drasties van wat God in Hos. 1 van praat as dat Israel 'n owerspelige vrou is.

God se liefde vir Israel is onbeperk groot, ten spyte van hul sonde. Hy hou nie op om hulle na Hom toe te roep nie. Hierdie roep van sy seun uit Egipte, is 'n teken van sy reddende liefde vir hulle. (Deut. 7: 7 – 8) Matteus gebruik hierdie gedagte wanneer hy vertel hoe God sy Seun, Jesus (saam met sy ouers) uit Egipte geroep het. (Mat. 2:15)

God se liefde lei hulle uit die slawerny van Egipte, deur die swaarkry van die woestyn, in die Beloofde land, Kanaän, in. Tog, die oomblik toe Israel in Kanaän aankom en met die Baäl afgode kennis maak, het Israel die verhouding met God opgesê en homself aan die afgodsbeelde gewy. Hulle het God se reddende liefde vergeet en Hom verwerp.

Hosea 11 gee ons 'n kykie baie diep binne in God se hart. Daar sien ons "GENADE" – Grace (God's richness at Christ's expenses) vir sy stout kinders.

Lees ook Miga 7:11 – 20, veral vs. 18. God bly nie vir altyd kwaad nie.

Dit sal 'n nuwe begin wees vir God se kinders. Hierdie nuwe begin vir Israel, wys ons op die "nuwe begin" wat Jesus vir ons kom gee het. (vgl 2 Kor. 5:17 – 19) Wanneer God nuut begin, vergeef en vergeet Hy van die ou dinge, Hy vee dit alles uit.

Ons vind ook die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15) as beeld / eggo, van wat hier in Hosea 11 genoem word. Soos die vader van die verlore seun, was God maar altyd daar en Hy wag geduldig vol liefde in sy hart dat sy stout kind moet terugkom huis toe.

~Willem Botes~

Anders Orkes sing oor hierdie genade van God:
Gee my net Jesus
Klik op hierdie skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=rRvjHyZ7HEs

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE